MAAK VAN BOKKOMS

MAAK VAN BOKKOMS

Die ouens wat dit op groot skaal doen het geboude sement baddens se so een meter by twee meter en so 700 mm diep. Dan gooi hulle vyf skop grawe sout op die bodem met ‘n klompie water dan pak hulle twee of drie lae harders, dan gooi hulle die harders toe met sout dat daar niks uitsteek nie. Dan weer ‘n laag harders en weer ‘n laag sout, so gaan dit aan totdat die tenk vol is en dan net om te wys jys nie skaam nie gooi hulle nog vyf skopgrawe sout bo op.
Dan kom ‘n plank en ‘n gewig bo op nadat die dam vol water getap is wat seker maak dat die vis nie dryf nie.
Dan word dit so gelaat vir vyf dae.
Word dan uitgehaal en in bossies van tien ingeryg deur die oë en opgehang tot dit droog is !!
Pasop vir die katte, so hang bedags buite onder toesig en bring maar snags liefs binne toe onder slot en grendel
Geplaas en foto: Gideon Louw